- (3) An application granted by the local authority shall constitute an agreement between it and the applicant, and such agreement shall take effect on the date referred to or stipulated therein.
- (4) A contributor shall be liable for all prescribed charges payable for the discharge of effluent.
- (5) A permit holder shall be liable for the prescribed charges payable for the discharge of effluent until the permit referred to in subsection (1) has been terminated in terms of Section 2.5 of these By-Laws.

2.3 Special agreements for the acceptance of effluent

The local authority may enter into a special agreement for—

- (a) the acceptance of effluent from an applicant outside its area of jurisdiction, or
- (b) the discharge of effluent from its sewerage system into the sewerage system of another local authority.

2.4 Discharge standards and pre-treatment of effluent

A local authority may stipulate in a permit:

- (a) the standards in respects of—
 - (i) quantity;
 - (ii) rate of flow;
 - (iii) quality; and
 - (iv) any other aspect it may deem fit;
- (b) the pre-treatment requirements prior to discharge into the sewerage system;
- (c) conditions relating to the operation of a pre-treatment facility and the disposal of any waste products arising from the treatment process;
- (d) any other conditions it may deem necessary for the protection of the sewerage system.

2.5 Termination of permit for discharge of effluent

- (1) The permit holder shall return to the local authority for amendment or cancellation a permit referred to in section 2.2 of these By-Laws within 5 working days of any variation which results in a contravention of a permit condition;
- (2) The local authority may, by written notice of not less than five working days, advise a permit holder of its intention to terminate his permit for the discharge of effluent if—
 - (a) no effluent has been discharged during the preceding six months and no satisfactory arrangements have been made for a renewed discharge;
 - (b) he has contravened this by-law and has failed to rectify such contravention;

2.2 Aansoek om afvoer van uitvloeisel

- (1) Geen persoon mag uitvloeisel in die rioolstelsel afvoer nie tensy hy op die voorgeskrewe vorm by die plaaslike owerheid aansoek gedoen het om 'n permit om uitvloeisel af te voer, en 'n permit uitgereik is, met dien verstande dat die plaaslike owerheid kan wegdoen met die vereiste van 'n aansoek om, of die uitreiking van, 'n permit indien die uitvloeisel slegs uit huishoudelike uitvloeisel bestaan.
- (2) Die permit in subartikel (1) gemeld kan die voorwaardes bevat wat die plaaslike owerheid goeddink.
- (3) 'n Aansoek wat deur die plaaslike owerheid toegestaan word, maak 'n ooreenkoms tussen hom en die aansoeker uit, en sodanige ooreenkoms word van krag op die datum daarin gemeld of bepaal.
- (4) 'n Bydraer is aanspreeklik vir alle voorgeskrewe gelde wat vir die afvoer van uitvloeisel betaalbaar is.
- (5) 'n Permithouer is aanspreeklik vir die voorgeskrewe gelde wat vir die afvoer van uitvloeisel betaalbaar is totdat die permit in subartikel (1) genoem, ingevolge Artikel 2.5 van hierdie verordeninge beëindig is.

2.3 Spesiale ooreenkomste vir die ontvangs van uitvloeisel

Die plaaslike owerheid kan 'n spesiale ooreenkoms sluit vir—

- (a) die ontvangs van uitvloeisel van 'n aansoeker buite die plaaslike owerheid se regsgebied, of
- (b) die afvoer van uitvloeisel uit sy rioolstelsel in die rioolstelsel van 'n ander plaaslike owerheid.

2.4 Afvoerstandaarde en voorbehandeling van uitvloeisel

'n Plaaslike owerheid kan die volgende in 'n permit voorskryf:

- (a) die standaard ten opsigte van—
 - (i) hoeveelheid;
 - (ii) vloeitempo;
 - (iii) gehalte; en
 - (iv) enige ander aspek wat hy goeddink;
- (b) die voorbehandelingsvereistes vóór afvoering in die rioolstelsel;
- (c) voorwaardes insake die werking van 'n voorbehandelingsfasiliteit en die wegdoen van enige afvalprodukte wat uit die behandelingsproses ontstaan;
- (d) enige ander voorwaardes wat hy nodig ag vir die beskerming van die rioolstelsel.

2.5 Beëindiging van permit vir die afvoer van uitvloeisel

- (1) Die permithouer moet binne vyf werkdade na enige veranderinge wat 'n oortreding van 'n permitvoorwaarde meebring, 'n permit in artikel 2.2 van hierdie verordeninge genoem aan die plaaslike owerheid terugbesorg vir wysiging of kansellering.
- (2) Die plaaslike owerheid kan by skriftelike kennisgewing van minstens vyf werkdade 'n permithouer verwittig van sy voorneme om sy permit vir die afvoer van uitvloeisel te beëindig indien—
 - (a) geen uitvloeisel die voorafgaande ses maande afgevoer is nie en geen bevredigende reëlins getref is vir die voortsetting daarvan nie;
 - (b) hy hierdie verordening oortree het en versuim het om sodanige oortreding reg te stel;

- (c) it cannot continue to accept his effluent, or
 - (d) in terms of an agreement with another local authority such local authority will accept his effluent;
- (3) The local authority may, without notice, terminate a permit if a permit holder has vacated the premises to which such a agreement applies.

2.6 Guarantee

- (1) The local authority may require a permit holder to deposit with it a sum of money representing the cost of the treatment and conveyance of effluent which in its opinion will be discharged by him during a period specified by it; provided that the local authority may on written application by a contributor accept from him a guarantee to its satisfaction in lieu of the said sum of money.
- (2) A deposit or guarantee contemplated in subsection(1) shall be paid or provided before a permit to discharge effluent is issued.
- (3) A deposit paid or a guarantee provided in terms of subsection (1) shall not be regarded as being in payment or part payment of a current account due to the discharge of effluent.
- (4) If at any time the local authority is of the opinion that a deposit or guarantee is insufficient for the purpose of subsection (1), it may by notice in writing require the permit holder concerned to increase such deposit or guarantee by an amount specified in such notice.
- (5) If a permit holder fails to comply with the notice referred to in subsection (4) within 20 working days of receipt by him thereof, the local authority may refuse to accept his effluent until such time as he/she complies with such notice.
- (6) The local authority may, of its own accord or at the request of a permit holder, reduce the amount of a deposit or guarantee required by it if it is satisfied that such reduction is justified by the present discharge of effluent by such permit holder or a change in the circumstances pertaining to the assessment of the original amount of the deposit or guarantee.
- (7) If, on the termination of an agreement in terms of section 2.5 of By-Laws, any amount is outstanding in respect of the acceptance of effluent from the contributor, the local authority may—
 - (a) apply the deposit in payment or part payment of such amount and refund any balance to the permit holder, or
 - (b) recover such amount in terms of the guarantee.
- (8) A deposit shall be forfeited to the local authority if it has not been claimed within twenty four months of the termination of an agreement.

2.7 Provision of a connection sewer

- (1) If a permit for the discharge of effluent in respect of premises has been granted and no connecting sewer exists in respect of such premises, the owner shall make application on the prescribed form and pay the prescribed charge for the installation of a connection sewer.
- (2) If an application is made for the discharge from premises which are so situated that it is necessary to extend the sewerage system in order to receive effluent

- (c) die plaaslike owerheid nie kan voortgaan om sy uitvloeisel te ontvang nie, of
 - (d) 'n ander plaaslike owerheid ingevolge 'n ooreenkoms met sodanige plaaslike owerheid sy uitvloeisel sal ontvang;
- (3) Die plaaslike owerheid kan sonder kennisgewing 'n permit beëindig indien 'n permithouer die perseel waarop sodanige ooreenkoms betrekking het, ontruim het.

2.6 Waarborg

- (1) Die plaaslike owerheid kan vereis dat 'n permithouer 'n bedrag geld by hom moet deponeer wat die koste verbonde aan die behandeling en vervoer van uitvloeisel wat na die plaaslike owerheid se mening gedurende 'n tydperk deur hom gespesifiseer, deur die permithouer afgevoer sal word, verteenwoordig; met dien verstande dat die plaaslike owerheid by skriftelik aansoek van 'n bydraer 'n waarborg ten genoeë van die plaaslike owerheid van die bydraer kan aanvaar in plaas van genoemde bedrag geld.
- (2) 'n Deposito of waarborg in subartikel (1) beoog, moet betaal of verskaf word voordat 'n permit om uitvloeisel af te voer, uitgereik word.
- (3) 'n Deposito wat betaalbaar is of 'n waarborg wat verskaf is ingevolge subartikel (1) moet nie geag word betaling of gedeeltelike betaling te wees vir 'n lopende rekening wat vir die afvoer van uitvloeisel verskuldig is nie.
- (4) Indien die plaaslike owerheid te eniger tyd van mening is dat 'n deposito of waarborg onvoldoende is vir die doel van subartikel (1), kan hy by skriftelike kennisgewing vereis dat die betrokke permithouer sodanige deposito of waarborg verhoog met 'n bedrag in sodanige kennisgewing gespesifiseer.
- (5) Indien 'n permithouer versuim om binne 20 werkdade nadat hy die kennisgewing in subartikel (4) genoem ontvang het, daaraan te voldoen, kan die plaaslike owerheid weier om sy uitvloeisel te ontvang tot tyd en wyl hy aan sodanige kennisgewing voldoen.
- (6) Die plaaslike owerheid kan uit sy eie of op versoek van 'n permithouer die vereiste depositobedrag of waarborg verminder indien hy oortuig is daarvan dat sodanige vermindering geregverdig is deur die huidige afvoer van uitvloeisel deur sodanige permithouer, of deur 'n verandering in die omstandighede rakende die vasstelling van die oorspronklike deposito-bedrag of waarborg.
- (7) Indien daar by die beëindiging van 'n ooreenkoms ingevolge artikel 2.5 van hierdie verordeninge enige bedrag uitstaande is ten opsigte van die ontvangs van uitvloeisel van 'n bydraer, kan die plaaslike owerheid—
 - (a) die deposito aanwend ter betaling of gedeeltelike betaling van sodanige bedrag en enige saldo aan die permithouer terugbetaal; of
 - (b) sodanige bedrag ingevolge die waarborg verhaal.
- (8) 'n Deposito word aan die plaaslike owerheid verbeur indien dit nie binne vier-en-twintig maande na die beëindiging van 'n ooreenkoms opgeëis is nie.

2.7 Voorsiening van 'n verbindingsriool

- (1) Indien 'n permit vir die afvoer van uitvloeisel ten opsigte van 'n perseel toegestaan is, en daar geen verbindingsriool ten opsigte van sodanige perseel bestaan nie, moet die eienaar op die voorgeskrewe vorm om die installering van 'n verbindingsriool aansoek doen en die voorgeskrewe heffing betaal.
- (2) Indien aansoek gedoen word om die afvoer van uitvloeisel van 'n perseel wat so geleë is dat dit nodig is om die rioolstelsel te verleng ten einde die uitvloeisel

from the premises, the local authority may agree to such extension subject to such conditions as it may impose.

2.8 Connecting sewers

- (1) A connecting sewer, unless otherwise agreed in writing, shall be installed by the local authority and shall—
 - (a) be located in the position and at a gradient determined by the local authority;
 - (b) terminate at a point between 140 and 160 millimeters inside the boundary of the land owner by or vested in the local authority, or over which it has a servitude or other right; and
 - (c) be of a size requested by the applicant and agreed to by the local authority.
- (2) (a) Unless otherwise stipulated by the local authority, the owner shall, at his own cost, effect the connection between his drainage installation and the connecting sewer serving his premises.
 - (b) The local authority may specify—
 - (i) the type of joint which shall be used to effect the connection referred to in paragraph (a), and
 - (ii) the material of which the portion of the drainage installation between its connecting sewer and the terminal inspection point on the drainage installation is made, and the method of installation of such portion.
- (3) The number of connecting sewers provided to the premises shall be determined by the local authority, and a drainage installation shall be connected only to the connecting sewer provided for it; provided that if two or more parts of a drainage installation are served by separate connecting sewers, such parts shall not be interconnected without the prior written permission of the local authority and subject to such conditions as it may impose.
- (4) No drainage installation shall be connected to a connecting sewer which was installed for the discharge of effluent during building construction until the certificate of compliance has been received by the local authority.
- (5) If the local authority considers that the size of an existing connecting sewer is unsuitable by reason of the quantity of effluent discharged by a contributor, it may by written notice require the owner to pay the prescribed charges for the supply and installation of a connecting sewer of an appropriate size.
- (6) (a) The local authority may, in the case of premises divided into portions that may be occupied separately, by written notice require the owner at his own cost and within the period specified in such notice, to—
 - (i) alter the drainage installation serving any one portion so that it is separate from, and independent of the drainage installation serving any other portion;
 - (ii) make application in terms of section 2.7 of these By-Laws for a connecting sewer to serve such portion, and

van die perseel te ontvang, kan die plaaslike owerheid tot sodanige verlenging instem onderworpe aan enige voorwaardes wat hy ople.

2.8 Verbindingsriole

- (1) 'n Verbindingsriool moet, tensy skriftelik anders ooreengekom, deur die plaaslike owerheid geïnstalleer word en moet—
 - (a) geleë wees op die plek en met 'n helling deur die plaaslike owerheid bepaal;
 - (b) eindig by 'n punt tussen 140 en 160 millimeter binne die grens van die grond wat behoort aan of berus by die plaaslike owerheid, of waarop hy 'n servituut of ander reg het; en
 - (c) so groot wees soos deur die aansoeker versoek en deur die plaaslike owerheid goedgekeur.
- (2) (a) Tensy die plaaslike owerheid anders bepaal, moet die eienaar op eie koste die aansluiting tussen sy perseelrioolinstallasie en die verbindingsriool wat sy perseel bedien, laat uitvoer.
 - (b) Die plaaslike owerheid kan die volgende bepaal—
 - (i) die tipe las wat gebruik moet word vir die aansluiting in paragraaf (a) genoem, en
 - (ii) die materiaal waarvan die gedeelte van die perseelrioolinstallasie tussen sy verbindingsriool en die eindinspeksiepoint aan die perseelrioolinstallasie gemaak moet word en die metode waarvolgens sodanige gedeelte geïnstalleer moet word.
- (3) Die getal verbindingsriole wat na die perseel voorsien moet word, word deur die plaaslike owerheid bepaal, en 'n perseelrioolinstallasie mag slegs by die verbindingsriool wat daarvoor voorsien is aansluit; met dien verstande dat indien twee of meer dele van 'n perseelrioolinstallasie deur afsonderlike verbindingsriole bedien word, sodanige dele nie by mekaar mag aansluit sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid nie en onderworpe aan die voorwaardes wat hy ople.
- (4) Geen perseelrioolinstallasie mag aansluit by 'n verbindingsriool wat geïnstalleer is vir uitvloei wat gedurende bouwerk afgevoer word nie tot tyd en wyl die sertifikaat van nakoming deur die plaaslike owerheid ontvang is.
- (5) Indien die plaaslike owerheid van mening is dat die grootte van 'n verbindingsriool ongeskik is vanweë die hoeveelheid uitvloei wat deur 'n bydraer afgevoer word, kan die eienaar by skriftelike kennisgewing versoek word om die voorgeskrewe heffing vir die voorsiening en installering van 'n verbindingsriool van 'n aanvaarbare grootte moet betaal.
- (6) (a) Die plaaslike owerheid kan in die geval van persele wat in afsonderlik okkupeerbare gedeeltes verdeel is, by skriftelike kennisgewing vereis dat die eienaar op eie koste binne die tydperk voorgeskryf in sodanige kennisgewing—
 - (i) die perseelrioolinstallasie wat enige enkele gedeelte bedien, moet verander word sodat dit apart en onafhanklik is van die perseelrioolinstallasie wat enige ander gedeelte bedien;
 - (ii) ingevolge artikel 2.7 van hierdie verordeninge aansoek moet doen om 'n verbindingsriool om sodanige gedeelte te bedien, en

- (iii) connect the drainage installation referred to in subparagraph (i) to the connecting sewer referred to in subparagraph (ii).
- (b) The local authority may by written notice require the occupier of the portion referred to in paragraph (a) (i) to make application in terms of section 2.2 of these By-Laws for the discharge of an effluent.
- (7) If the local authority replaces a connecting sewer and requires the owner to connect his drainage installation to the replacement connection sewer, it shall give the owner concerned not less than 10 working days notice in writing of the date by which he shall effect a connection between his drainage installation and such replacement connecting sewer.
- (8) Only a local authority may maintain a connecting sewer.

2.9 Interconnections between premises

- (1) A owner of premises shall ensure that no interconnection exists between the drainage installation on his premises and the drainage installation on other premises, unless he has obtained the prior written consent of the local authority and has complied with any conditions it may have imposed.
- (2) If an interconnection is found to exist in contravention of subsection (1), the local authority may by written notice served on the owners concerned require them to remove such interconnections within a specified period.

2.10 General conditions of acceptance

- (1) The acceptance of effluent by the local authority shall not constitute an undertaking by it to maintain at any time or at any point in its sewerage system—
 - (a) an uninterrupted flow, or
 - (b) a specific rate of flow.
- (2) If the discharge of effluent from the premises requires the maintenance of an uninterrupted flow or a specific rate of flow, the contributor shall make provision for such requirement.
- (3) The local authority may, for the purpose of doing work on its sewerage system, temporarily interrupt the acceptance of effluent from premises without prior notice.
- (4) If, in the opinion of the local authority, the discharge of effluent from a drainage installation adversely affects the sewerage system or persons working in it, the local authority may apply such restrictions as it may deem fit to the discharge of effluent from the drainage installation.

2.11 Cutting off or restriction of discharge of effluent

- (1) Without prejudice to any other right it may have, the local authority may, if a contributor—
 - (a) fails to pay a sum due to it in terms of this by-law;
 - (b) contravenes this by-law and fails to rectify such contravention within the period specified in a written notice served on him and requiring him to do so, or

- (iii) die perseelrioolinstallasie in subparagraaf (i) gemeld, moet aansluit by die verbindingsriool in subparagraaf (ii) gemeld.
- (b) Die plaaslike owerheid kan by skriftelike kennisgewing vereis dat die okkuperder van die gedeelte in paragraaf (a) (i) gemeld, ingevolge artikel 2.2 van hierdie verordeninge aansoek doen om die afvoer van uitvloeiisel.
- (7) Indien die plaaslike owerheid 'n verbindingsriool vervang en vereis dat die eienaar sy perseelrioolinstallasie by die plaasvervangende verbindingsriool moet aansluit, moet die plaaslike owerheid die betrokke eienaar minstens 10 werkdag skriftelik kennis gee van die datum waarteen hy sy perseelrioolinstallasie by sodanige plaasvervangende verbindingsriool moet aansluit.
- (8) Slegs 'n plaaslike owerheid mag 'n verbindingsriool in stand hou.

2.9 Tussenverbindings tussen persele

- (1) 'n Eienaar van 'n perseel moet seker maak dat daar geen tussenverbindings tussen die perseelrioolinstallasie op sy perseel en die perseelrioolinstallasie op ander persele bestaan nie, tensy hy vooraf die skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid verkry het en enige voorwaardes wat die plaaslike owerheid opgelê het, nagekom het.
- (2) Indien gevind word dat daar 'n tussenverbinding in stryd met subartikel (1) bestaan, kan die plaaslike owerheid by skriftelike kennisgewing wat aan die betrokke eienaars beteken word, vereis dat hulle sodanige tussenverbinding binne 'n voorgeskrewe tydperk moet verwyder.

2.10 Algemene voorwaardes van ontvangs

- (1) Die ontvangs van uitvloeiisel deur die plaaslike owerheid beteken nie dat dit 'n onderneming deur die plaaslike owerheid is om te eniger tyd of by enige punt in sy rioolstelsel—
 - (a) 'n ononderbroke vloei, of
 - (b) 'n spesifieke vloeiempo
 te handhaaf nie.
- (2) Indien die afvoer van uitvloeiisel van die perseel die handhawing van 'n ononderbroke vloei of 'n spesifieke vloeiempo vereis, moet die bydraer voorsiening maak vir sodanige vereiste.
- (3) Die plaaslike owerheid kan, met die doel om werk aan sy rioolstelsel te verrig, die ontvangs van uitvloeiisel van 'n perseel tydelik onderbreek sonder vooraf kennisgewing.
- (4) Indien die plaaslike owerheid van mening is dat die afvoer van uitvloeiisel uit 'n perseelrioolinstallasie die rioolstelsel of persone wat daarin werk, nadelig beïnvloed, kan die plaaslike owerheid die beperkings wat hy nodig ag, plaas op die afvoer van uitvloeiisel uit die perseelrioolinstallasie.

2.11 Afsluiting of beperking van afvoer van uitvloeiisel

- (1) Sonder benadeling van enige ander reg wat hy het, kan die plaaslike owerheid, indien 'n bydraer—
 - (a) versuim om 'n bedrag te betaal wat ingevolge hierdie verordening aan die plaaslike owerheid verskuldig is;
 - (b) hierdie verordening oortree en versuim om sodanige oortreding reg te stel binne die tydperk voorgeskryf in 'n skriftelike kennisgewing aan hom beteken is en wat vereis dat hy dit moet doen, of

- (c) discharges effluent without a valid permit.

by written notice inform him of its intention to cut off or restrict his discharge of effluent on a specified date.

- (2) If in the opinion of the local authority such action is necessary as a matter of urgency to prevent excessive flow in the sewerage system, damage to property, danger to life or an adverse effect on treatment processes, it may—
- (a) without prior notice, cut off or restrict the discharge of effluent from premises, and
- (b) enter upon such premises and do such emergency work at the owner's expense as it may deem necessary, and in addition by written notice require the owner to do such further work as it may deem necessary within a specified period.
- (3) The contributor shall pay—
- (a) the prescribed charge in respect of the cutting-off or restriction of the discharge of effluent in terms of subsection (1) or (2), and
- (b) the prescribed charge to restore the original right to discharge effluent; provided that, in the case of a cutting-off or restriction in terms of section (1), both prescribed charges shall be paid before the original right to discharge effluent is restored.

2.12 Disconnection at owner's request

- (1) The local authority may, at the written request of the owner—
- (a) seal off the connecting sewer to his premises, and
- (b) reconnect such connecting sewer.
- (2) The owner shall prior to the sealing off or reconnection of such connecting sewer pay the prescribed charge for the sealing off and reconnection thereof.

2.13 Removal of a connecting sewer

The local authority may disconnect a drainage installation from the connecting sewer if—

- (a) the permit for the discharge of effluent has been terminated in terms of section 2.5 of these By-Laws and it has not received an application for a new or revised permit to the premises served by such connection sewer within a period of three months of such termination; provided that the connecting sewer shall not be removed if the cancellation of the permit follows the waiver of a need for the permit by the local authority, or
- (b) the building on the premises concerned has been demolished.

3. MEASUREMENT OF DISCHARGES AND LEVIES

3.1 Measurement of volume of effluent discharged

- (1) The volume of effluent discharged from premises shall be determined by either—
- (a) (i) the quantity of water registered on the meter(s) installed in terms of the Water Supply By-Law for the supply of water to the premises, and

- (c) uitvloei afvoer sonder 'n geldige permit

hom by skriftelike kennisgewing verwittig van die voorneme om sy afvoer van 'n uitsluit op 'n sekere datum af te sluit of te beperk.

- (2) Indien die plaaslike owerheid van mening is dat sodanige stappe dringend nodig is om oormatige vloei in die rioolstelsel, skade aan eiendom, lewensgevaar of 'n nadelige invloed op behandelingsprosesse te verhoed, kan hy—
- (a) sonder vooraf kennisgewing die afvoer van uitvloei van 'n perseel afsluit of beperk, en
- (b) sodanige perseel betree en dié dringende werk wat hy nodig ag, op die eienaar se koste verrig en daarbenewens by skriftelike kennisgewing vereis dat die eienaar binne 'n voorgeskrewe tydperk enige verdere werk moet verrig wat die plaaslike owerheid nodig ag.
- (3) Die bydraer moet die volgende betaal —
- (a) die voorgeskrewe heffing ten opsigte van die afsluiting of beperking van die afvoer van uitvloei ingevolge subartikel (1) of (2), en
- (b) die voorgeskrewe heffing ten einde die oorspronklike reg om uitvloei af te voer, te herstel; met dien verstande dat, in geval van 'n afsluiting of beperking ingevolge subartikel (1) beide voorgeskrewe heffings betaal moet word voordat die oorspronklike reg om uitvloei af te voer, herstel word.

2.12 Afsluiting op eienaar se versoek

- (1) Die plaaslike owerheid kan op skriftelike versoek van 'n eienaar—
- (a) die verbindingsriool na sy perseel verseël, en
- (b) sodanige verbindingsriool heraansluit.
- (2) Die eienaar moet voor die verseëling of heraansluiting van sodanige verbindingsriool die voorgeskrewe heffing vir die verseëling en heraansluiting daarvan betaal.

2.13 Verwydering van 'n verbindingsriool

Die plaaslike owerheid kan 'n perseelrioolinstallasie van die verbindingsriool losmaak en die verbindingsriool verwyder indien—

- (a) die permit vir die afvoer van uitvloei ingevolge artikel 2.5 van hierdie verordeninge beëindig is en hy nie binne 'n tydperk van drie maande ná sodanige beëindiging 'n aansoek om 'n nuwe of gewysigde permit vir die perseel wat deur sodanige verbindingsriool bedien word, ontvang het nie; met dien verstande dat die verbindingsriool nie verwyder mag word indien die kansellering van die permit volg op die afstanddoening deur die plaaslike owerheid van die vereiste om die permit te hê nie, of
- (b) die gebou op die betrokke perseel gesloop is.

3. MEET VAN UITVLOEISELS EN HEFFINGS

3.1 Meet van die hoeveelheid uitvloei afgevoer

- (1) Die hoeveelheid uitvloei wat van 'n perseel afgevoer word, word bepaal deur òf—
- (a) (i) die hoeveelheid water geregistreer op die meter(s) wat ingevolge die Watertoevervoering vir die lewering van water aan die perseel geïnstalleer moet word, en

- (ii) the quantity of water registered on meters installed in terms of this by-law for the supply of water from any other source within the premises, or
 - (b) the actual quantity of effluent registered on a special sewage meter installed by the local authority to measure effluent discharge.
- (2) The local authority may require the contributor to enter into a special agreement covering—
- (i) the installation of a meter;
 - (ii) the reading of a meter;
 - (iii) the adjustment of readings;
 - (iv) the payment of an availability charge, and
 - (v) any other conditions which in the opinion of the local authority are relevant to the installation and maintenance of a meter.
- (3) The quantity of water registered on a meter referred to in subsection (1)(a)(i) or (ii) or the quantity registered on a meter referred to in subsection (1)(b) during any period shall be taken as the difference between the meter readings at the beginning and end of such period, except in the case where a meter is proved to be inaccurate.
- (4) For the purpose of determining the amount due and payable for an effluent discharge, the amount of effluent discharged and its strength are the same during every period of 24 hours between the readings contemplated in subsection (3).

3.2 Alterations to a water installation

If the local authority, after consideration of the number of water supply points and the complexity of the water installation on premises, considers it impractical to determine the quantity of water discharged into the connecting sewer of such premises, it may at its discretion—

- (a) direct that the water installation be altered at the cost of the owner to facilitate separate metering of water discharged into the sewer as effluent and other water supplied, but not so discharged, or
- (b) assess the quantity of water discharged into the sewer in any meter reading cycle in accordance with normal standard of water usage.

3.3 Water obtained from sources other than water supply system

- (1) The local authority may by public notice require the owner of any premises within its area of jurisdiction upon which a supply of water from a source other than the water supply system exists and which is used or intended to be used in a manner which may cause a discharge of effluent into the sewerage system or, if the owner is not in occupation of such premises, the occupier thereof, to notify it on the prescribed form of that fact, and provide it with such information in respect thereof as it may require; provide that, in an application for a permit referred to in section 2.2(1) of these By-Laws, the provision of the required details of an alternative supply of water may be accepted by the local authority as compliance with the notification requirement, as contemplated above.
- (2) If the owner or occupier of premises at any time after the publication of the notice referred to in subsection

- (ii) die hoeveelheid water op meters wat ingevolge hierdie verordening vir die lewering uit enige ander bron op die perseel geïnstalleer moet word, of
 - (b) die werklike hoeveelheid uitvloeisel geregistreer op 'n spesiale rioolvuilmeter wat deur die plaaslike owerheid of die eienaar (bydraer) geïnstalleer word om uitvloeisel-afvoer te meet.
- (2) Die plaaslike owerheid kan vereis dat die bydraer 'n spesiale ooreenkoms moet aangaan ten opsigte van—
- (i) die installering van 'n meter;
 - (ii) die aflees van 'n meter;
 - (iii) die aanpassing van aflesings;
 - (iv) die betaling van 'n beskikbaarheidsbedrag, en
 - (v) enige ander voorwaardes wat na die mening van die plaaslike owerheid betrekking het op die installering en instandhouding van 'n meter.
- (3) Die hoeveelheid water geregistreer op 'n meter in subartikel (1)(a)(i) of (ii) genoem of die hoeveelheid op 'n meter in subartikel (1)(b) genoem gedurende enige tydperk word beskou as die verskil tussen die meteraflesings aan die begin en einde van sodanige tydperk, behalwe in die geval waar 'n meter onakkuraat blyk te wees.
- (4) Vir die doel van die vasstelling van die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is ten opsigte van uitvloeisel wat afgevoer word, word die hoeveelheid uitvloeisel wat afgevoer word en die sterkte daarvan geag dieselfde te wees gedurende elke tydperk van 24 uur tussen die aflesings in subartikel (3) beoog.

3.2 Veranderings aan 'n waterinstallasie

Indien die plaaslike owerheid, ná oorweging van die getal watertoevoer punte en die kompleksiteit van die waterinstallasie op 'n perseel, van mening is dat dit onprakties is om die hoeveelheid water te bepaal wat in die verbindingsriool van sodanige perseel afgevoer word, kan die plaaslike owerheid na goeddunke—

- (a) gelas dat die waterinstallasie op koste van die eienaar verander word om die afsonderlike meet van water wat as uitvloeisel in die riool afgevoer word en ander water wat voorsien word maar nie aldus afgevoer word nie, te vergemaklik, of
- (b) die hoeveelheid water wat in enige meter-aflees-siklus in die riool afgevoer word, ooreenkomstig gebruiklike standaarde wat watergebruik vasstel.

3.3 Water verkry van ander bronne as die watertoevoerstelsel

- (1) Die plaaslike owerheid kan per openbare kennisgewing vereis dat die eienaar van enige perseel binne sy regsgebied waarop 'n watertoevoer uit 'n ander bron as die watertoevoerstelsel bestaan en wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word op 'n wyse wat die afvoer van uitvloeisel kan veroorsaak of, indien die eienaar nie sodanige perseel okkupeer nie, die okkupeerder daarvan, dié feit aan die plaaslike owerheid moet bekend maak op die voorgeskrewe vorm, en hom moet voorsien van dié inligting ten opsigte daarvan wat die plaaslike owerheid verlang; met dien verstande dat die voorsiening van die vereiste besonderhede van 'n alternatiewe watertoevoer in 'n aansoek om 'n permit in artikel 2.2(1) van die verordeninge genoem, deur die plaaslike owerheid aanvaar kan word as die nakoming van die bekendmakingsvereiste soos hierby beoog.
- (2) Indien die eienaar of okkupeerder van 'n perseel te eniger tyd na die publiserings van die kennisgewing in

(1) intends to make use of a supply of water from a source other than the water supply system which may cause a discharge of effluent into the sewerage system from such premises, he shall notify the local authority on the prescribed form of such intention before work in connection therewith is commenced.

- (3) (a) If water obtained from a source other than the water supply system is used on premises for a purpose which gives rise to the discharge of such water or a portion thereof into the sewerage system, the local authority may install a meter in the pipe leading from such other source of supply to the point or points where it is used.

(b) The provisions of section 3.1(2) of these By-Laws shall apply to any such meter.

3.4 Provision of measurement or sampling chambers

- (1) The local authority may, in respect of any premises from which effluent is or is to be discharged, by written notice require the owner to construct at his own cost, within the boundary of the premises, measurements or sampling chambers to such dimensions and design as the local authority may consider necessary to enable an accurate assessment of the quantity, rate of flow and character of the effluent.
- (2) If the owner fails to comply with the notice referred to in subsection (1), the local authority may take action in terms of the By-Laws.

3.5 Provisions of the Water Supply By-Law to apply

If the quantity of effluent discharged from premises is determined by a meter installed in terms of the Water Supply By-Laws, the provisions of the Water Supply By-Laws shall apply *mutatis mutandis* when the quantity of effluent discharged from such premises is determined.

3.6 Effluent Discharge factor

- (1) If the quantity of water registered on a meter which has been installed in terms of sections 3.1(a) or 3.3 of the By-Laws is in the opinion of the local authority not discharged from the premises as effluent, it may apply an effluent discharge factor to the quantity of water registered on such meters.
- (2) The effluent discharge factor shall represent the ratio of the quantity of water leaving the premises as an effluent to the total quantity of water from whatever source used on the premises for all purposes.
- (3) The effluent discharge factor may be varied by the local authority on notification in the prescribed form whenever in its opinion there has been a change in circumstances justifying such variation.

3.7 Measurement of strength of effluent discharge

- (1) The local authority may at any point in a drainage installation and at any time take samples of effluent.
- (2) (a) The number and size of such samples shall be determined by the local authority as sufficient to provide—
- (i) a representative sample, and
 - (ii) for division as required in paragraph (b).

subartikel (1) genoem voornemens is om gebruik te maak van 'n watertoevoer uit 'n ander bron as die watertoevoerstelsel, wat kan veroorsaak dat uitvloei van die perseel in die rioolstelsel afgevoer word, moet hy sodanige voorneme aan die plaaslike owerheid bekendmaak op die voorgeskrewe vorm voordat werk in verband daarmee begin.

- (3) (a) Indien water uit 'n ander toevoerbron as die watertoevoerstelsel op 'n perseel gebruik word vir 'n doel wat aanleiding gee tot die afvoer van sodanige water of 'n gedeelte daarvan in die rioolstelsel, kan die plaaslike owerheid 'n meter installeer in die pyp wat van sodanige ander toevoerbron na die punt of punte waar dit gebruik word, lei.

(b) Die bepalinge van artikel 3.1(2) van hierdie verordeninge is op enige sodanige meter van toepassing.

3.4 Voorsiening van meet- en monsterkamers

- (1) Die plaaslike owerheid kan, ten opsigte van enige perseel van waar uitvloei afgevoer word of afgevoersal word, vereis dat die eienaar by skriftelike kennisgewing op eie koste binne die grense van die perseel meet- of monsterkamers moet aanbring volgens die mate en ontwerp wat die plaaslike owerheid nodig ag vir die akkurate bepaling van die hoeveelheid, vloeitempo en aard van die uitvloei.
- (2) Indien die eienaar versuim om aan die kennisgewing in subartikel (1) genoem, te voldoen, kan die plaaslike owerheid stappe doen ingevolge die verordeninge.

3.5 Bepalinge van die Watertoevoerverordening is van toepassing

Indien die hoeveelheid uitvloei wat van 'n perseel afgevoer word, vasgestel word deur 'n meter wat ingevolge die Watertoevoerverordening geïnstalleer is, is die bepalinge van die Watertoevoerverordening *mutatis mutandis* van toepassing wanneer die hoeveelheid uitvloei van sodanige perseel vasgestel word.

3.6 Uitvloei-afvoerkfaktor

- (1) Indien die hoeveelheid water geregistreer op 'n meter wat ingevolge artikels 3.1(a) of 3.3 van die verordeninge geïnstalleer is, volgens die mening van die plaaslike owerheid nie as uitvloei van die perseel afgevoer word nie, kan die plaaslike owerheid 'n uitvloei-afvoerkfaktor op die hoeveelheid wat op sodanige meters geregistreer is, van toepassing maak.
- (2) Die uitvloei-afvoerkfaktor verteenwoordig die verhouding van die hoeveelheid water wat die perseel as uitvloei verlaat, tot die totale hoeveelheid water uit enige bron wat op die perseel vir alle doeleindes gebruik word.
- (3) Die uitvloei-afvoerkfaktor kan te eniger tyd by kennisgewing in die voorgeskrewe vorm deur die plaaslike owerheid verander word wanneer ook al daar na sy mening 'n verandering in die omstandighede was wat sodanige verandering regverdig.

3.7 Meet van die sterkte van uitvloei wat afgevoer word

- (1) Die plaaslike owerheid kan op enige tydstip en op enige plek in 'n perseelrioolinstallasie monsters van uitvloei neem.
- (2) (a) Die getal en grootte van sodanige monsters moet deur die plaaslike owerheid vasgestel word as voldoende om voorsiening te maak vir—
- (i) 'n verteenwoordigende monster, en
 - (ii) vir verdeling soos benodig in paragraaf (b).

- (b) Portions of such samples may be used to obtain a strength determination.
- (3) The strength of an effluent shall be determined from the average of not less than four samples.
- (4) In determining the strength of an effluent, the values obtained by the local authority shall take preference over any other values obtained by a contributor, provided that the discrepancy between the values of the local authority and the contributor shall not exceed 20%.
- (5) If a discrepancy between the values obtained by the local authority and the contributor exceeds 20% either the local authority or the contributor may request an additional sample to be taken and submitted to an independent expert for a determination of the values.
- (6) One half of any sample taken shall, on request, be supplied to a contributor in order that he may perform his own tests.
- (7) Until such time as four samples have been taken, the local authority shall assess the strength of effluent, and the amount payable for effluent discharged shall be based upon such assessment.

3.8 Determination of industrial effluent charges

- (1) Whether or not the Council has granted its consent for any discharge of industrial effluent, the occupier of any premises from which such discharge takes place shall, in addition to any other charges provided for in this by-law or in any other law, pay to the Council a charge calculated in accordance with the provision of this section in respect of each cycle, commencing with the first completed cycle following on the fixed date during which such discharge takes place, and the said charge shall be due and payable on the date furnished on the account.

- (2) The said charge shall, subject to the following provisions, be calculated by means of the following formula:

$$C = V [C_s + C_T (COD/1000)] + \text{penalty}$$

where C = effluent tariff for a premises in rand per cycle

V = flow from the premises (measured or estimated) during the cycle concerned

C_s = unit cost for conveyance of sewage to the sewage treatment works

$$= S/\square V$$

S = annual capital redemption and interest for main sewers; connection to network pumping stations; annual maintenance costs; annual pumping costs at pumping stations (external services)

$\square V$ = total annual flow reaching the sewage treatment works plus design flow (per year) of undeveloped erven that can connect to the system

C_r = unit cost for treatment of the sewage at the sewage treatment plant

$$= T/\square V$$

T = annual capital redemption and interest for the sewage treatment works, and annual operating costs of the treatment works

COD = average measured COD of the effluent from the premises during the cycle concerned

- (b) Dele van sodanige monsters kan gebruik word ter vasstelling van die sterkte.

- (3) Die sterkte van 'n uitvloeisel word bepaal volgens die gemiddelde van minstens vier monsters.

- (4) Met die vasstelling van die sterkte van 'n uivloeisel geniet die waardes wat deur die plaaslike owerheid verkry is, voorkeur bo enige ander waardes wat deur 'n bydraer verkry is, met dien verstande dat die verskil tussen die waardes van die plaaslike owerheid en die bydraer nie meer as 20% is nie.

- (5) Indien die verskil tussen die waardes wat deur die plaaslike owerheid en die bydraer verkry is, meer as 20% is, kan òf die plaaslike owerheid òf die bydraer versoek dat nog 'n monster geneem en aan 'n onafhanklike deskundige voorgelê word ter vasstelling van die waardes.

- (6) Een helfte van enige monster wat geneem word, word op versoek aan die bydraer verskaf sodat hy sy eie toetse kan uitvoer.

- (7) Tyd en wyl vier monsters geneem is, bepaal die plaaslike owerheid die sterkte van uitvloeisel, en die bedrag wat betaalbaar is vir uitvloeisel wat afgevoer word, word op die bepaling gebaseer.

3.8 Vasstelling van nywerheidsuitvloeiselh effings

- (1) Ongeag of die Raad sy toestemming gegee het vir enige afvoer van nywerheidsuitvloeisel, moet die okkupeerder van enige perseel van waar sodanige afvoer plaasvind, benewens enige ander gelde waarvoor in hierdie verordening of in enige ander wet voorsiening ge-maak word, aan die Raad 'n vordering, bereken in ooreenstemming met die bepalings van hierdie artikel, betaal met betrekking tot elke kringloop, beginnende met die eerste voltooide kringloop wat op die vasgestelde datum volg, in die loop waarvan afvoer plaasvind, en genoemde vordering is verskuldig en moet betaal word op die datum vermeld op die rekening.

- (2) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, word die volgende vordering bereken deur middel van die formule:

$$C = V [C_s + C_T (CSB/1000)] + \text{boete}$$

waar C = uitvloeiseltarief vir 'n perseel in rand vir die kringloop

V = vloeï vanaf die perseel (gemeet of beraam) vir die aanslagtydperk

C_s = eenheidskoste vir vervoer van riool na die riolsuiweringswerke

$$= S/\square V$$

S = jaarlikse kapitaaldelging en rente vir hoof-riole; aansluitings met netwerk pompstasies; jaarlikse onderhoudskoste; jaarlikse pomp-koste van pompstasies (eksterne dienste)

$\square V$ = totale jaarlikse vloeï wat by die riol-suiweringswerke aankom plus ontwerp-vloeï (per jaar) van onontwikkelde erwe wat by die stelsel kan aansluit

C_r = eenheidskoste vir behandeling van die riool by die riolsuiweringswerke

$$= T/\square V$$

T = jaarlikse kapitaaldelging en rente vir die riolsuiweringswerke, en jaarlikse bedryfskoste vir die werke

CSB = gemiddelde gemete CSB van die uitvloeisel vanaf die perseel vir die aanslagtydperk

penalty = penalty per day charged in addition to the effluent charge based on volume and COD, for prohibited effluents, for instances where the COD of the effluent exceeds 4 000 mg/l or where any other quality parameter exceeds the maximum value allowed according to section 2.4 of the by-laws, as contained in the permit for the industry

= $P \times (\text{value measured}/\text{maximum allowed}) \times \text{max. daily flow allowed}$

P = unit penalty charge as determined by Council

3.9 Notification of charge factors

<p>(iii) no deposit in respect of garden and parking leases other than commercial parking leases.</p> <p>4.3 No immovable property or rights therein shall be sub-let, ceded or assigned without the prior approval of council.</p> <p>4.4 An owner of immovable property who leases an adjoining municipal immovable property may be substituted by his successor in title for the duration of the remainder of the lease term as deemed necessary on the same terms and conditions and/or additional terms and conditions.</p> <p>4.5 Rentals shall escalate annually at a percentage as determined by council from time to time.</p> <p>4.6 Lessee shall be liable for payment of rates and service charges.</p> <p>4.7 The letting of lanes, public open spaces, road reserves shall be subject to the following:</p> <p>(i) closing off/securing to council's satisfaction;</p> <p>(ii) costs for the relocation or installation of services where required shall be for the account of the lessee;</p> <p>(iii) securing of servitudes.</p> <p>4.8 Lessees shall indemnify council against any possible claims arising from the lease or use of the immovable property.</p> <p>4.9 Where land is leased for development, such development must commence within one (1) year or such longer period as may be agreed to from the date of occupation or in accordance with the provisions of the lease agreement or the development programme submitted by the lessee and be completed in accordance with the provisions of the lease agreement or the development programme. A suspensive condition must be included in the lease agreement to provide for forfeiture in the event that the development has not been commenced with.</p> <p>4.10 Save with prior approval the property may only be used for the purpose for which it was let and purposes regularised by town planning schemes.</p> <p>4.11 The lease agreement, where applicable, shall be finalised and concluded within 60 days from date of council's official request. Failure to comply within 60 days from date of request the awarding shall be regarded as having lapsed and applicant shall forfeit his/her deposit and be held liable for costs exceeding the deposit amount.</p> <p>4.12 Officials from council shall at all reasonable times be entitled to enter/inspect the immovable property.</p> <p>4.13 All agreements shall contain a clause which requires the lessee to maintain the leased property.</p> <p>4.14 All agreements shall contain a clause which requires that improvements provided by the lessee and which council wishes to retain shall revert, free of charge, to council once the lease period has terminated and/or in the event the agreement, due to breach of conditions, has been cancelled.</p>	<p>(iii) geen deposito word vereis in die geval van verhurings van grond vir tuinmaakdoeleindes of kommersiële parkering nie.</p> <p>4.3 Geen onroerende eiendom of regte daarin mag sonder die raad se voorafgoedkeuring onderverhuur, sedeer of oorgemaak word nie.</p> <p>4.4 'n Eienaar van onroerende eiendom wat 'n aangrensende munisipale onroerende eiendom huur, kan deur sy opvolger in titel vervang word vir die duur van die onverstreke huurtydperk en, indien dit nodig geag word, op dieselfde bedinge en voorwaardes en/of verdere bedinge en voorwaardes.</p> <p>4.5 Huurgelde sal jaarliks eskaleer teen 'n persentasie soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal.</p> <p>4.6 Huurders sal verantwoordelik wees vir die betaling van eiendomsbelasting en dienstegelede.</p> <p>4.7 Die verhuuring van stege, openbare oopruimtes en padreserwes sal onderhewig wees aan die volgende:</p> <p>(i) die sluiting/beveiliging tot die raad se bevrediging;</p> <p>(ii) die kostes verbonde aan die verskuiwing of installasie van dienste sal deur die huurder betaal word;</p> <p>(iii) die beveiliging van serwitute.</p> <p>4.8 Huurders sal die raad vrywaar teen enige eise wat mag ontstaan as gevolg van die huur of gebruik van die onroerende eiendom.</p> <p>4.9 Wanneer grond verhuur word vir ontwikkeling, moet sodanige ontwikkeling 'n aanvang neem binne een jaar of sodanige langer tydperk as waarop ooreengekom word na datum van okkupasie of in ooreenstemming met die bepalings van die huurooreenkoms of die ontwikkelingsprogram wat deur die huurder voorgelê moet word en moet voltooi word in ooreenstemming met die huurooreenkoms of die ontwikkelingsprogram. 'n Terugvalklousule moet in die huurooreenkoms ingesluit word om voorsiening te maak vir verbeuring ingeval daar nie met die ontwikkeling 'n aanvang gemaak word nie.</p> <p>4.10 Behalwe met vooraf goedkeuring, mag die eiendom slegs aangewend word vir die doeleindes waarvoor dit verhuur word en in ooreenstemming met die bepalings van dorpsaanlegskemas.</p> <p>4.11 Die huurooreenkoms, waar van toepassing, moet finaliseer en gesluit word binne 60 dae vanaf die datum van die raad se versoek. Indien daar nagelaat word om binne 60 dae vanaf die datum van die raad se versoek te reageer, sal die toekenning verval en die aansoeker sal sy/haar deposito verbeur en verantwoordelik gehou word vir enige verdere kostes wat die bedrag van die deposito mag oorskry.</p> <p>4.12 Amptenare van die raad moet te alle redelike tye toegelaat word om die onroerende eiendom binne te gaan/te inspekteer.</p> <p>4.13 Alle huurooreenkomste moet 'n klousule bevat waarin van die huurder vereis word om die verhuurde eiendom in stand te hou.</p> <p>4.14 Alle huurooreenkomste moet 'n klousule bevat wat vereis dat verbeterings wat deur die huurder aangebring word en wat die raad verkies om te behou, kosteloos die eiendom van die raad sal word by verstryking van die huurtydperk en/of die kansellering van die huurooreenkoms in die geval waar die voorwaardes nie nagekom word nie.</p>
<p>5. LEASE PERIODS NOT EXCEEDING 12 MONTHS</p> <p>5.1 The general conditions (paragraph 4 above), shall also apply to the letting of immovable property for periods not exceeding twelve months without an option to renew.</p>	<p>5. VERHURINGS WAT NIE 12 MAANDE OORSKRY NIE</p> <p>5.1 Die algemene voorwaardes (paragraaf 4 hierbo), is ook van toepassing op die verhuuring van onroerende eiendom, sonder die keuse om te hernieu, waar die huurtermyn nie twaalf maande oorskry nie.</p>

5.2 Immovable property let for short term periods, i.e. 14 days for circuses, etc, shall be subject to the following:

- (i) lessee to provide or arrange with council at its cost for provision services, i.e. refuse, water, electricity, ablution facilities, if required;
- (ii) lessee to return land in its original state;
- (iii) rental to be determined by council;
- (iv) lessee to indemnify council against any claims;
- (v) lessee to undertake in writing to compensate council for any damages caused to council property which may arise from any circumstances whatsoever.

6. PROJECTIONS, PROJECTING STRUCTURES AND ENCROACHMENTS

6.1 Council may, subject to such conditions as it may deem fit, including the payment of a rental—

- (a) permit the erection or retention of a verandah, balcony, sign, sign-board or similar structure, device or contrivance which projects or extends into or over any public place or public street (hereinafter referred to as a “projection”); provided that—
 - (i) the erection or retention of such a projection shall not be permitted on the level of more than one floor;
 - (ii) no such projection shall be wholly enclosed to a height of more than one comma five metres measured from the floor level thereof; and
 - (iii) no such projection shall be partially enclosed to a height of more than one comma five metres measured from the floor level thereof except with the prior written approval of the council and subject to such conditions as it may impose, or
- (b) where the erection or retention of a building or structure which projects or extends into, over or under any public place or public street (hereinafter referred to as a “projecting structure”) is not permitted in terms of paragraph (a), permit such erection or retention where the land comprised in such place or street—
 - (i) is not owned by the municipality if, in the opinion of the council, such projecting structure will not or does not impede, restrict or interfere with the construction, maintenance and use of such place or street, or
 - (ii) is owned by the municipality, if, in the opinion of the council, such projecting structure is erected as part of the development of property in accordance with a provision contained in the council’s town planning scheme which applies specifically to such property.

6.2 When municipal immovable property under the control or management of council is encroached upon, the council may take such steps as may, in the opinion of the council, be necessary to remove or regularise such encroachment.

6.3 Council may reduce the extent of a public place or public street which is encroached upon by the extent of the encroachment or by such greater extent as may, in its opinion, be desirable.

7. OUT OF HAND SALE AND LETTING

7.1 Where any immovable property is offered for sale or lease by

5.2 Onroerende eiendom wat vir kort tydperke verhuur word, bv 14 dae, vir sirkusse, ens, sal onderhewig wees aan die volgende:

- (i) die huurder moet self voorsiening maak vir, of reëlings tref met die raad, vir die voorsiening van dienste, op sy koste, bv vullisverwydering, elektrisiteit, water en toiletfasiliteite, indien benodig;
- (ii) die huurder moet die grond agterlaat in dieselfde toestand as waarin dit ontvang is;
- (iii) die huurgeld word deur die raad bepaal;
- (iv) die huurder moet die raad vrywaar teen alle eise wat as gevolg van die verhuring mag ontstaan, en
- (v) die huurder moet skriftelik onderneem om die raad te vergoed vir enige skade aan raadseiendom wat in enige omstandighede aangerig mag word.

6. UITSTEEKSELS, STRUKTURE WAT UITSTEEK EN OORSKRYDINGS

6.1 Die Raad kan, onderhewig aan sodanige voorwaardes wat hy mag stel, insluitende die betaling van ’n huurgeld:—

- (a) die oprigting of behoud van ’n veranda, balkon, teken, naambord of soortgelyke struktuur, apparaat of toestel wat oorsteek of uitreik in of oor enige openbare plek of openbare straat (hierna genoem ’n “uitsteeksel”), toelaat, op voorwaarde dat:—
 - (i) die oprigting of behoud van sodanige uitsteeksel nie toegelaat sal word op die vlak van meer as een verdieping nie;
 - (ii) geen sodanige uitsteeksel ten volle toegemaak sal wees tot ’n hoogte van meer as een komma vyf meters gemeet vanaf die vloervlak daarvan nie, en
 - (iii) geen sodanige uitsteeksel sal gedeeltelik toegemaak wees tot ’n hoogte van meer as een komma vyf meters gemeet vanaf die vloervlak daarvan sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Raad nie en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die raad mag oplê, of
- (b) waar die oprigting of behoud van ’n gebou of struktuur wat oorhang of oorsteek in, oor of onder enige openbare plek of openbare straat (hierna genoem ’n “struktuur wat uitsteek”) nie toegelaat word ingevolge paragraaf (a) nie, sodanige oprigting of behoud toelaat, waar die grond wat sodanige plek of straat uitmaak—
 - (i) nie deur die munisipaliteit besit word nie, indien, na die mening van die raad, sodanige struktuur wat uitsteek nie die konstruksie, onderhoud en gebruik van sodanige plek of straat te enige tyd sal belemmer, beperk of daarmee sal inmeng nie, of
 - (ii) besit word deur die raad, indien, na die mening van die raad, sodanige struktuur wat uitsteek opgerig word as deel van die ontwikkeling van ’n eiendom in ooreenstemming met ’n bepaling wat in die raad se dorpsaanlegskema vervat is wat spesifiek op die betrokke eiendom van toepassing is.

6.2 Wanneer daar op onroerende munisipale eiendom onder die bestuur of beheer van die raad oorskry word, kan die raad sodanige maatreëls tref wat, na die mening van die raad, nodig mag wees om dit te verwyder of te reguleer.

6.3 Die raad kan die oppervlakte van ’n openbare plek of openbare straat waarop oorskry word, laat verminder met die omvang van die oorskryding of tot sodanige oppervlakte as wat na sy mening, verkieslik is.

7. UIT DIE HAND VERKOPE EN VERHURINGS

7.1 Waar enige onroerende eiendom per openbare mededinging

- public competition, any remaining immovable property may be sold or leased out of hand by council at the upset price or higher, as long as it is satisfied that market prices are stable. The upset price must be determined in such a way that it corresponds with a reasonable market value and must include the recoverable development costs such as municipal services, advertising and survey costs. The position must be reviewed by council at least every six months. Not more than one erf may be sold out of hand to a purchaser where the demand for erven exceeds the number of erven available for sale.
- 7.2 Immovable property may be sold/let out of hand to social care organisations. The out-of-hand sale of immovable property below market value, shall be fixed at between 10 and 25% of market value, subject however to a suitable reversionary clause being registered against the title of the property. The out-of-hand lease of immovable property to social care organisations is permitted and rental shall be determined by council. Social care is defined as services provided by registered welfare, charitable, non-profit, cultural and religious organisations.
- 7.3 Closed streets, lanes and public open spaces may be sold/let out-of-hand to adjoining owners, provided that—
- (i) written notice has been served on all adjoining owners; and
 - (ii) the sale price shall be at market value; or
 - (iii) the rental shall be at market value, provided that the rental of land for garden purposes shall be determined by council.
- 7.4 Immovable property may be sold/let out of hand to other spheres of government and other local authorities. All such immovable property transactions must be considered on a market value basis, except in cases where immovable property is acquired for the development of a less formal township and such township is again later to be transferred to council.
- 7.5 Industrial land may be sold/let out of hand where supply exceeds demand.
- 7.6 Immovable properties may be sold/let out of hand to existing tenants who have leased such premises for five years or longer on condition that the immovable property is sold at market value.
- 7.7 Immovable property may be sold/let out of hand in exceptional cases where the council is of the opinion that public competition would not serve a useful purpose or that it is in the interest of the community and the council, and where none of the conditions as set out in this policy provides for such exception, is permitted, and where they are not in conflict with any provision of the policy. In such cases council is required to record in the minutes of the council meeting concerned their full reasons for preferring such out-of-hand sales or leases to those by public competition.
- 7.8 Odd lots of land which can be of no practical use to any other person may be sold or let out of hand to any applicant.
- 7.9 Immovable property acquired by a council for public purposes or in the public's interest, may be let out of hand to any applicant for temporary use until such time as the property is required for development.
- 7.10 Houses may be sold/let out of hand to the personnel of council, on condition that rentals comply with any policy laid down and that selling prices are market related.
- 7.11 The out-of-hand lease of land for outdoor seating to adjoining to restaurant owners is permitted and the rental charged shall be determined by the council.
- te koop of te huur aangebied word, kan enige oorblywende onroerende eiendom uit die hand verkoop of verhuur word teen die insitprys of hoër, solank die raad daarvan oortuig is dat die markprys stabiel bly. Die insitprys moet so bepaal word dat dit ooreenstem met 'n redelike markwaarde, en moet die verhaalbare ontwikkelingskoste soos die voorsiening van munisipale dienste, asook advertensie- en opmeetkoste insluit. Die posisie moet elke ses maande deur die raad hersien word. Nie meer as een perseel mag aan 'n enkele koper verkoop word in gevalle waar die aanvraag die aanbod oorskry nie.
- 7.2 Onroerende eiendom mag uit die hand verkoop/verhuur word aan organisasies wat maatskaplike dienste lewer. Uit die hand verkope van onroerende eiendom onder markwaarde, sal bepaal word op tussen 10 en 25% van markwaarde, onderhewig egter daaraan dat 'n toepaslike terugvalklousule teen die titel van die eiendom registreer word. Uit die hand verhuring van onroerende eiendom aan organisasies wat maatskaplike dienste lewer, word toegelaat en die huurgelde sal deur die raad bepaal word. Maatskaplike diens word beskou as dienste wat deur geregi-streerde welsynorganisasies, liefdadigheids-, nie-winsge-wende-, kulturele- en godsdienstige organisasies gelewer word.
- 7.3 Geslote strate, stege en openbare oopruimtes mag uit die hand verkoop of verhuur word, op voorwaarde dat:—
- (i) skriftelike kennisgewings op alle aangrensende eienaars bedien is, en
 - (ii) die verkoopprijs markverwant is, of
 - (iii) die huurgeld markverwant is, op voorwaarde dat die huurgeld van grond vir tuinmaakdoeleindes deur die raad bepaal sal word.
- 7.4 Onroerende eiendom kan uit die hand aan ander organe van die staat verkoop of verhuur word. Al sodanige eiendomstransaksies moet op 'n markwaardegrondslag oorweeg word, behalwe in gevalle waar eiendom aangekoop word vir die ontwikkeling van 'n minder formele dorp en sodanige dorp weer later aan die raad oorgedra word.
- 7.5 Industriële grond mag uit die hand verkoop of verhuur word in gevalle waar die aanbod die vraag oorskry.
- 7.6 Onroerende eiendom mag uit die hand verkoop of verhuur word aan bestaande huurders wat sodanige persele vir vyf jaar of langer gehuur het, op voorwaarde dat die onroerende eiendom teen markwaarde verkoop word.
- 7.7 Onroerende eiendom kan uit die hand verkoop of verhuur word in buitengewone gevalle waar die raad van mening is dat openbare mededinging nie 'n nuttige doel sal dien nie en waar geen een van die voorskrifte soos uiteengesit in hierdie beleidsdokument vir so 'n uitsondering voorsiening maak nie, en waar dit nie teenstrydig met enige bepaling in hierdie beleidsdokument is nie. In sulke gevalle sal die raad die volledige redes waarom hy sodanige uit die hand verkope of verhurings bo openbare mededinging verkies het, volledig uiteensit in die raadsvergadering se notules.
- 7.8 Gedeeltes uitvalgrond wat van geen praktiese nut vir enige ander persone is nie, mag aan enige aansoeker uit die hand verkoop of verhuur word.
- 7.9 Onroerende eiendom wat deur die raad aangekoop is vir openbare doeleindes of in die openbare belang, mag aan enige aansoeker verhuur word, tot tyd en wyl die eiendom vir ontwikkeling benodig word.
- 7.10 Behuising mag uit die hand verkoop of verhuur word aan die raad se personeel, op voorwaarde dat huurgelde aan enige neergelegde beleid voldoen en verkoopprijs markverwant is.
- 7.11 Die uit die hand verhuring van grond om buitenshuise sitplekke te voorsien aan aanliggende restauranteienaars, word toegelaat en die huurgeld word deur die raad bepaal.

7.12 The out-of-hand lease of sports facilities and other public amenities by Sports Boards, Sports Councils and other similar bodies is permitted at a rental determined by council which may not be market related.

7.13 Lease contracts with existing tenants of immovable properties may be renewed. 6057

7.12 Die uit die hand verhuring van sportfasiliteite en ander openbare geriewe aan sportrade en ander soortgelyke liggame word toegelaat teen 'n huurgeld wat deur die raad bepaal word. Sodanige huurgelde sal nie noodwendig markverwant wees nie.

7.13 Huurooreenkomste met bestaande huurders van onroerende eiendom mag hernieu word. 6057

MUNICIPALITY OF BEAUFORT WEST

NOTICE NO. 95/2003

The Council of the Municipality of Beaufort West published the sub-joined by-law relating to the management and administration of the Municipality of Beaufort West immovable property for general notice.

BY-LAW RELATING TO THE MANAGEMENT AND ADMINISTRATION OF THE MUNICIPALITY'S IMMOVABLE PROPERTY

INDEX

WHEREAS the Municipality of Beaufort West is vested with legislative authority in terms of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, (Act 108 of 1996),

AND WHEREAS the Municipality in the exercise of its functions has the right to acquire, lease, manage, let and alienate immovable property and rights in immovable property,

Be it therefore enacted by the Municipality of Beaufort West as follows:—

1. DEFINITIONS — In this by-law, unless inconsistent with the context—

“advertise” means to either publish in the press a notice, or to serve a notice on residents, or to display a notice on a notice board—

- (i) announcing the nature, purpose and the material substance of a proposed administrative action, and
- (ii) stating that objections may be lodged with a person specified in such notice before a specified date being not less than 21 days from the date on which such notice is published.

“alienate” means to part with ownership of immovable property in favour of another person with the intention of transferring the ownership of the immovable property to the acquirer thereof and includes the lease of immovable property regardless the period of lease;

“close” in relation to a public street or public place, means to close for all purposes or to vehicular or pedestrian traffic only

“council” means the council of the municipality and includes any political structure, political office bearer, councillor or official, acting under delegated authority;

“material substance”, depending on the nature of transaction, means, including, but not limited to:

- (i) description of the property which shall consist of an erf number, physical street address, street number, suburb and size of property in square meters;
- (ii) zoning of property and proposed utilisation thereof;
- (iii) details/identification of purchaser or lessee;
- (iv) extent of property to be sold or leased;
- (v) details of transaction which shall consist of purchase price, method of payment or duration of lease, monthly rental,

MUNISIPALITEIT BEAUFORT-WES

KENNISGEWING NR. 95/2003

Die Raad van die Munisipaliteit van Beaufort-Wes publiseer onderstaande verordening, met betrekking tot die bestuur en administrasie van die Munisipaliteit van Beaufort-Wes se onroerende eiendom, vir algemene kennisname.

VERORDENING INSAKE DIE BESTUUR EN ADMINISTRASIE VAN DIE MUNISIPALITEIT SE ONROERENDE EIENDOM

INLEIDING

AANGESIEN die Munisipaliteit van Beaufort-Wes ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) wetgewende bevoegdheid het;

EN AANGESIEN die Munisipaliteit in die uitvoering van sy funksie die reg het om onroerende eiendom en regte ten opsigte van onroerende eiendom te verkry, huur, bestuur, verhuur en vervreem,

Verorden die Munisipaliteit van Beaufort-Wes soos volg:—

1. WOORDBEPALING — In hierdie verordening, tensy onbestaanbaar met die sinsverband, beteken—

“adverteer” in die pers 'n kennisgewing publiseer of 'n kennisgewing beteken aan inwoners of 'n kennisgewing op 'n kennisgewingsbord aanbring—

- (i) waarin die aard, doel en kerninhoud van die voorgenome administratiewe handeling uiteengesit word, en
- (ii) waarin vermeld word dat besware ingedien kan word by 'n persoon in sodanige kennisgewing vermeld voor 'n bepaalde datum wat minstens 21 dae moet wees na die datum van publikasie van sodanige kennisgewing.

“vervreem” om afstand te doen van eiendomsreg in onroerende eiendom ten gunste van 'n ander persoon met die doel om eiendomsreg in die onroerende eiendom oor te dra na die verkryger daarvan en omvat ook die verhuring van onroerende eiendom ongeag die termyn van verhuring.

“sluit” ten opsigte van 'n openbare straat of 'n openbare plek, om te sluit vir alle doeleindes, of net vir voertuig- of voetgangerverkeer;

“raad” die raad van die munisipaliteit en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleer, raadslid of amptenaar wat ingevolge gedelegeerde bevoegdheid optree;

“kerninhoud”, na gelang van die aard van die transaksie,

- (i) 'n beskrywing van die eiendom wat die erfnummer, fisiese adres, straatnommer, woongebied en grootte van die eiendom in vierkante meter aandui;
- (ii) die sonering van die eiendom en die voorgestelde gebruik daarvan;
- (iii) besonderhede/identifisering van koper of huurder;
- (iv) besonderhede van die transaksie waaronder die koopprijs, metode van betaling of huurtermyn, maandelikse huurgeld, jaarlikse verhoging, hernuwingsopsie (indien enige),

annual escalation, a renewal option (if any), registration of agreement of lease against title deed, where applicable;

- (vi) details of location where deed of sale or agreement of lease is available for inspection.

“municipal immovable property” means:

- (i) immovable property and real rights registered in the name of the municipality;
- (ii) immovable property and real rights the municipality is entitled to have registered in its name; and
- (iii) any other immovable property which, by law vests in municipality.

“municipality” means the municipality of Beaufort-West;

“municipal area” means the area under the jurisdiction and control of the municipality;

“prescribe” means a policy approved by council and published in the Provincial Gazette;

“public place” means any land or portion thereof indicated on an approved plan, diagram or map as a public place of which ownership vests in the municipality;

“public street” means any land and portion thereof:

- (a) any street which has at any time been—
- (i) used without interruption by the public for a period of at least thirty years;
- (ii) declared or rendered as such by the Council or other competent authority;
- (iii) constructed by the municipality; or
- (iv) constructed by someone other than the municipality and which vests in the municipality;
- (b) any land, with or without buildings or structures thereon, which is shown as a street on—
- (i) any plan of subdivision or diagram approved by the council or other competent authority and acted upon, or
- (ii) any plan or diagram as defined in section 15 of the Land Survey Act, 1997 (Act 8 of 1997), registered or filed in the office of the Registrar of Deeds or the Surveyor-General’s office unless such land is on such plan or diagram described as a private street.

2. OWNERSHIP OF PUBLIC PLACES AND PUBLIC STREETS

The ownership of immovable property to which the community of the municipal area has or may acquire a common right and all public places and public streets and the immovable property comprised in such places and streets vest in the municipality.

3. ACQUISITION OF IMMOVABLE PROPERTY AND RIGHTS IN IMMOVABLE PROPERTY

- (1) The Council may acquire immovable property and rights in immovable property within or outside its municipal area by purchase, expropriation, exchange, donation, gift, lease or otherwise.
- (2) The Council may expropriate immovable property in terms of the Expropriation Act (Act 63 of 1975), or any other applicable legislation, provided that such expropriation shall be for public purposes or in the interest of the public.

registrasie van huurooreenkoms teen titelakte, waar van toepassing;

- (v) besonderhede waar die koopakte of huurooreenkoms besigtig kan word.

“onroerende munisipale eiendom”

- (i) onroerende eiendom en saaklike regte geregistreer in die naam van die munisipaliteit;
- (ii) onroerende eiendom en saaklike regte wat die munisipaliteit geregtig is om in sy naam geregistreer te hê; en
- (iii) enige ander onroerende eiendom wat volgens die reg by die munisipaliteit berus;

“munisipaliteit” die munisipaliteit van Beaufort-Wes;

“munisipale gebied” die gebied onder die jurisdiksie en beheer van die munisipaliteit;

“voorgeskryf” ’n beleid goedgekeur deur die raad en gepubliseer in die Provinsiale Koerant;

“openbare plek” enige grond of gedeelte daarvan aangetoon op ’n goedgekeurde plan, diagram of kaart as ’n openbare plek waarvan die eiendomsreg by die munisipaliteit berus;

“openbare straat”

- (a) enige straat wat te eniger tyd:
- (i) sonder onderbreking deur die publiek gebruik is vir ’n tydperk van minstens dertig jaar;
- (ii) deur die raad of enige ander bevoegde gesag tot sodanig verklaar of gemaak is;
- (iii) deur die munisipaliteit aangelê is; of
- (iv) deur iemand anders as die munisipaliteit aangelê is en wat by die munisipaliteit berus,
- (b) enige grond met of sonder geboue of strukture daarop wat as ’n straat aangetoon word op—
- (i) enige onderverdelingsplan of diagram goedgekeur deur die raad of ’n ander bevoegde gesag en waarvolgens gehandel is, of
- (ii) enige plan of diagram soos omskryf in artikel 15 van die Wet op Landmeting 1997 (Wet 8 van 1997) geregistreer by, of geliasseer in die kantoor van die Registrateur van Aktes of die kantoor van die Landmeter-Generaal,

tensy sodanige grond op sodanige plan of diagram beskryf word as ’n private straat.

2. EIENDOMSREG VAN ONROERENDE EIENDOM EN OPENBARE STRATE

Die eiendomsreg van onroerende eiendom waarop die gemeenskap van die munisipale gebied ’n gemeenskaplike reg het of mag verkry en alle openbare plekke en openbare strate en die grond wat sodanige plekke en strate beslaan, berus by die munisipaliteit.

3. VERKRYGING VAN ONROERENDE EIENDOM EN REGTE IN ONROERENDE EIENDOM

- (1) Die raad mag onroerende eiendom en regte in onroerende eiendom binne of buite die munisipale gebied verkry deur middel van aankoop, onteiening, ruil, donasie, skenking, huur of andersins.
- (2) Die raad mag onroerende eiendom ingevolge die Wet op Onteiening (Wet 63 van 1975) of enige ander toepaslike wetgewing onteien, met dien verstande dat sodanige onteiening vir openbare doeleindes of in die belang van die publiek sal wees.

4. ALIENATION AND LETTING

- (1) The Council may alienate or let municipal immovable property under such conditions, terms and circumstances as it may prescribe.
- (2) Unless permitted or prescribed otherwise, the Council shall not alienate or let municipal immovable property below market value.
- (3) (a) The Council shall advertise its intention to alienate or let municipal immovable property.
- (b) The provisions of paragraph (a) shall not apply when municipal immovable property is let for a period not exceeding 12 (twelve) months without a renewal option.
- (c) Where:—
 - (i) no **objections** were lodged, the municipal immovable property may be alienated or let, or
 - (ii) **objections** were lodged, the Council shall consider every **objection** and decide whether or not to alienate or let the municipal property.
- (4) The Council shall record its reasons for the alienating or letting of municipal immovable property in terms of this by-law.
- (5) No lessee of municipal immovable property shall without the prior consent in writing of the council, sublet such property or any portion thereof or assign any right acquired by him or her in respect thereof and any such subletting or assignment without such consent shall, as against the council, be null and void.

5. SERVIDUTES, PROJECTIONS, PROJECTING STRUCTURES AND ENCROACHMENTS

The Council may grant servitudes and permit projection, projecting structures and encroachments in, on, over or under municipal immovable property at a tariff determined by the Council and on such terms and conditions as it may prescribe.

6. CLOSURE OF PUBLIC PLACES AND PUBLIC STREETS

- (1) The Council may by notice in the press close public places and public streets or any portion of such places or streets only after it has—
 - (a) advertised its intention to do so; and
 - (b) considered and rejected any objection lodged in response to such notice and recorded in writing its reasons therefore.
- (2) Notwithstanding the provisions of subsection (1) the council may temporarily close a public place or public street.

7. DATE OF ENACTMENT

This by-law shall commence on the date of promulgation.

6058

4. VERVREEMDING EN VERHURING

- (1) Die raad mag munisipale onroerende eiendom vervreem of verhuur onderworpe aan sodanige voorwaardes, bepalings en omstandighede as wat die raad mag voorskryf.
- (2) Die raad sal nie munisipale onroerende eiendom onder die markprys vervreem of verhuur nie, tensy andersins voorgeskryf of toegelaat.
- (3) (a) Die raad sal sy voorneme om munisipale onroerende eiendom te vervreem of te verhuur adverteer.
- (b) Die bepalings van paragraaf (a) is nie van toepassing op munisipale onroerende eiendom wat vir 'n tydperk van nie langer as 12 (twaalf) maande nie, sonder 'n hernuwingsopsie verhuur word.
- (c) Indien—
 - (i) geen **besware** ontvang is nie, mag die munisipale onroerende eiendom vervreem of verhuur word; of
 - (ii) **besware** wel ontvang is, moet die raad elke **beswaar** oorweeg en dan besluit of die munisipale onroerende eiendom vervreem of verhuur sal word.
- (4) Die raad moet die redes vir die vervreemding of verhuring van munisipale onroerende eiendom ingevolge hierdie verordening aanteken.
- (5) Geen huurder van munisipale onroerende eiendom mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die raad sodanige onroerende eiendom of 'n gedeelte daarvan onderverhuur, of enige reg deur hom of haar ten opsigte daarvan verkry, afstaan nie. Enige sodanige onderverhuring of afstand van regte sonder sodanige toestemming is teenoor die raad van nul en gener waarde.

5. SERWITUTE, UITSTEEKSELS, UITSTEEKSTRUKTURE EN OORSKRYDINGS

Die raad mag toestem tot serwitute, uitsteeksels, uitsteekstrukture en oorskrydings toelaat in, op, oor of onder munisipale onroerende eiendom teen 'n tarief deur die raad bepaal en onderworpe aan bepalings en voorwaardes as wat die raad mag voorskryf.

6. SLUITING VAN OPENBARE PLEKKE EN OPENBARE STRATE

- (1) Die raad kan openbare plekke en openbare strate of enige gedeelte van sodanige plekke of strate by kennisgewing in die pers sluit, slegs nadat—
 - (a) die raad se voorneme om dit te doen, geadverteer is, en
 - (b) enige beswaar ingedien in reaksie op sodanige advertensie, oorweeg en verwerp is en die redes skriftelik aangeteken is.
- (2) Nieteenstaande die bepalings van paragraaf (a), mag die raad 'n openbare plek of straat tydelik sluit.

7. DATUM VAN INWERKING/TREDING

Hierdie verordening tree in werking op datum van publikasie.

6058

The "Provincial Gazette" of the Western Cape

appears every Friday, or if that day is a public holiday, on the last preceding working day.

Subscription Rates

R46,00 per half-year, throughout the Republic of South Africa.

R46,00 + postage per half-year, Foreign Countries.

R92,00 per annum, throughout the Republic of South Africa.

R92,00 + postage per annum, Foreign Countries.

Subscriptions are payable in advance.

Single copies are obtainable at Room 12-06, Provincial Building, 4 Dorp Street, Cape Town 8001, at R3,00 per copy.

Advertisement Tariff

First insertion, R13,00 per cm, double column.

Repeats R10,00 per cm, double column.

Fractions of cm are reckoned as a cm.

Notices must reach the Director-General not later than 10:00 on the last working day but one before the issue of the *Gazette*.

Whilst every effort will be made to ensure that notices are published as submitted and on the date desired, the Administration does not accept responsibility for errors, omissions, late publications or failure to publish.

All correspondence must be addressed to the Director-General, P.O. Box 659, Cape Town 8000, and cheques, bank drafts, postal orders and money orders must be made payable to the Provincial Administration Western Cape.

Die "Provinsiale Koerant" van die Wes-Kaap

verskyn elke Vrydag of, as die dag 'n openbare vakansiedag is, op die laaste vorige werkdag.

Tarief van Intekengelde

R46,00 per halfjaar, in the Republiek van Suid-Afrika.

R46,00 + posgeld per halfjaar, Buiteland.

R92,00 per jaar, in die Republiek van Suid-Afrika.

R92,00 + posgeld per jaar, Buiteland.

Intekengeld moet vooruitbetaal word.

Los eksemplare is verkrygbaar by Kamer 12-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001, teen R3,00 per eksemplaar.

Advertensietarief

Eerste plasing, R13,00 per cm, dubbelkolom.

Herhaling, R10,00 per cm, dubbelkolom.

Gedeeltes van 'n cm word as een cm beskou.

Kennisgewings moet die Direkteur-generaal uiterlik om 10:00 op die voorlaaste werkdag voor die uitgawe van die *Koerant* bereik.

Hoewel alle pogings aangewend sal word om te sorg dat kennisgewings soos ingedien en op die verlangde datum gepubliseer word, aanvaar die Administrasie nie verantwoordelikheid vir foute, weglatings, laat publikasies of versuim om dit te publiseer nie.

Alle briefwisseling moet aan die Direkteur-generaal, Posbus 659, Kaapstad 8000, gerig word en tjeks, bankwissels, posorders en poswissels moet aan die Provinsiale Administrasie Wes-Kaap.

CONTENTS—(Continued)

	Page
City of Cape Town: (Helderberg Region): Rezoning and subdivision	1420
City of Cape Town: (Oostenberg Region): Rezoning, subdivision, amendment of structure plan, regulation departure, approval of proposed street names and phasing.....	1421
City of Cape Town: (South Peninsula Region): Departure	1420
City of Cape Town: (Tygerberg Region): Rezoning and removal of restrictions.....	1421
City of Cape Town: (Tygerberg Region): Special consent and land use departure	1419
City of Cape Town: (Tygerberg Region): Rezoning, subdivision, departure, closure, alienation and application in terms of the Environment Conservation Act.....	1422
Drakenstein Municipality: Closure, rezoning and alienation	1423
George Municipality: Closure.....	1425
George Municipality: Removal of restrictions and consent use....	1423
George Municipality: Change of rezoning conditions.....	1424
Knysna Municipality: Rezoning and subdivision.....	1424
Knysna Municipality: Rezoning	1426
Knysna Municipality: Rezoning and departure	1425
Knysna Municipality: Rezoning and departure	1426
Knysna Municipality: Subdivision and consent use.....	1427
Langeberg Municipality: Rezoning.....	1427
Mossel Bay Municipality: By-laws for discharge of industrial effluent.....	1434
Mossel Bay Municipality: Departure and amendment of layout plan for higher density	1428
Mossel Bay Municipality: Departure.....	1428
Oudtshoorn Municipality: Subdivision and change of land use.....	1429
Overstrand Municipality: Tenders: Purchase of erf 98.....	1430
Overstrand Municipality: Tenders: Lease pf portion of erf 210....	1429
Stellenbosch Municipality: Departure.....	1430
Stellenbosch Municipality: Rezoning	1431
Swartland Municipality: Subdivision.....	1433
Swartland Municipality: Subdivision.....	1433
Swartland Municipality: Rezoning	1433
Theewaterskloof Municipality: Subdivision	1431
Theewaterskloof Municipality: Consent use and departure	1432
Western Cape Gambling and Racing Board: Notice	1432

INHOUD—(Vervolg)

	Bladsy
Stad Kaapstad: (Helderberg Streek): Hersonerling en onderverdeling.....	1420
Stad Kaapstad: (Oostenberg Streek): Hersonerling, onderverdeling, wysiging van struktuurplan, regulasie afwyking, goedkeuring van voorgestelde straatname en fasering.....	1421
Stad Kaapstad: (Suidskiereiland Streek): Afwyking	1420
Stad Kaapstad: (Tygerberg Streek): Hersonerling en opheffing van beperkings	1421
Stad Kaapstad: (Tygerberg Streek): Spesiale vergunning en afwykende grondgebruik.....	1419
Stad Kaapstad: (Tygerberg Streek): Hersonerling, onderverdeling, afwyking, sluiting, vervreemding en aansoek ingevolge die Wet op Omgewingsbewaring.....	1422
Drakenstein Munisipaliteit: Sluiting, hersonerling en vervreemding...	1423
George Munisipaliteit: Sluiting.....	1425
George Munisipaliteit: Opheffing van beperkings en vergunningsgebruik.	1423
George Munisipaliteit: Wysiging van die goedkeuringsvoorwaardes .	1424
Knysna Munisipaliteit: Hersonerling en onderverdeling	1424
Knysna Munisipaliteit: Hersonerling	1426
Knysna Munisipaliteit: Hersonerling en afwyking	1425
Knysna Munisipaliteit: Hersonerling en afwyking	1426
Knysna Munisipaliteit: Onderverdeling en vergunningsgebruik...	1427
Langeberg Munisipaliteit: Hersonerling	1427
Mosselbaai Munisipaliteit: Munisipale verordeninge vir storting van nywerheidsuitvloeisel	1434
Mosselbaai Munisipaliteit: Afwyking en wysiging van uitlegplan vir hoër digtheid	1428
Mosselbaai Munisipaliteit: Afwyking	1428
Oudtshoorn Munisipaliteit: Onderverdeling en grondgebruikverandering.....	1429
Overstrand Munisipaliteit: Tenders: Aankoop van erf 98.....	1430
Overstrand Munisipaliteit: Tenders: Verhuur van gedeelte van erf 210.	1429
Stellenbosch Munisipaliteit: Afwyking.....	1430
Stellenbosch Munisipaliteit: Hersonerling	1431
Swartland Munisipaliteit: Onderverdeling	1433
Swartland Munisipaliteit: Onderverdeling.....	1433
Swartland Munisipaliteit: Hersonerling	1433
Theewaterskloof Munisipaliteit: Onderverdeling	1431
Theewaterskloof Munisipaliteit: Vergunningsgebruik en afwyking...	1432
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne: Kennisgewing ...	1432